

Erkenning aan evalueerders

In 'n poging om die keuse van geskikte eweknie-evalueerders vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* te vergemaklik, versoek ons u om 'n oomblik af te staan om u elektroniese portfolio by <http://www.satnt.ac.za> op datum te bring. Dit sal ons in staat stel om u belangstellingsveld en kundigheid beter te takseer sodat die voorgelegde manuskripte aan die geskikste eweknie-evalueerders toegeken kan word. Indien u belangstel om 'n evalueerder te word, word u versoek om die tydskrif se webwerf te besoek om as evalueerder te registreer. Om toegang tot u besonderhede op die webwerf te verkry, moet die volgende stappe gevolg word:

1. Teken vir die aanlynjoernaal in by: <http://www.satnt.ac.za>
2. Kies in u 'user home' [<http://www.satnt.ac.za/index.php/satnt/user>] 'edit my profile' onder die opskrif 'my account' en tik alle relevante besonderhede, bio-verklaring en evalueringsbelangstellings in.

Dit is goeie evalueerders-praktyk om u persoonlike besonderhede gereeld op datum te bring om te verseker dat ons gedurende u termyn as evalueerder vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* met u in aanraking kan kom. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak vir verdere navrae nie.

Uitgewer:
Medpharm Publikasies
info@medpharm.co.za
Tel: +27 12 664 7460

Die redaksionele span van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* erken hiermee die waardevolle, belangrike rol wat eweknie-evalueerders tydens die algehele publikasiesproses vervul – nie alleen in die vorming van individuele manuskripte nie, maar ook in die vestiging van die kredietwaardigheid en aansien van ons joernaal. Ons is daartoe verbind om alle oorspronklike, innoverende bydraes, wat vir publikasie aanvaar word, tydig te publiseer. Daarom is die identifisering en keuse van kundige evalueerders, met belangstelling in die onderwerpe wat deur elke manuskrip gedek word, 'n onontbeerlike element om 'n tydige, produktiewe eweknie-evalueringproses te verseker.

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die volgende evalueerders vir hulle bydrae tot die vorming van hierdie uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* te bedank:

Pieter Burger
Izak de Vries
Louis du Preez
Catharine Esterhuizen
Talita Greyling
Jaap Hoffman
Lesotho Kock
Ted Kroon
Louis Marcus
Johann Nel
Russell Phillips
Carla Pretorius
F Radloff
Andreas Roodt
Jannie Rossouw
Stefan Siebert
Rian Stals
Christa Thirion
Marie van Wyk
Stefan Warsink
Johan Zietsman

Ons waardeer u tyd en bydrae tot die suksesvolle evaluasie van die artikels.